



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

| AFDELING | PUNTE | TYD (MINUTE) |
|---|---|---|
| A. Kortvrae | 40 | 20 |
| B. Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| C. Kleding | 40 | 40 |
| D. Behuising en Sagte Meublement | 40 | 40 |
| E. Teorie van die Praktiese Opsie | 40 | 40 |

2. AL die afdelings is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

7. Skryf slegs met swart of blou ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.21) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

1.1.1 Die liggaam wat namens die regering belasting invorder:

A Die Openbare Beskermer
B Nasionale Verbruikersforum
C Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens
D Provinsiale Verbruikersake (1)

1.1.2 Belasting wat by die prys van goedere en dienste wat in Suid-Afrika beskikbaar is, gevoeg word:

A Invoerbelasting
B Standaard-inkomstebelasting
C Belasting op toegevoegde waarde
D Lopende betaalstelsel (1)

1.1.3 Die belasting wat op tabak en alkohol gehef word:

A Invoerbelasting
B Aksynsreg
C Uitvoerbelasting
D Kapitaalwinsbelasting (1)

1.1.4 Hierdie organisasie help verbruikers met probleme met betrekking tot voedseletikette:

A Die Raad vir Mediese Skemas
B Die Rolprent- en Publikasieraad
C Provinsiale Verbruikersake
D Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels (1)

1.1.5 Die verbruikersprysindeks (VPI) word gebruik …

A om die impak van prysverhogings op die armes te assesseer.
B om die prys van basiese voedsel te bepaal.
C om die amptelike inflasiekoers te bereken.
D deur die bank om sy inflasiekoers te bepaal. (1)

1.1.6 Watter van die volgende is bronne van inkomste?

A Dividende, BTW, versekering
B Salarisse, bonusse, spaargeld
C Lone, dividende, LBS
D Versekering, lone, spaargeld (2)

1.1.7 Jy belê R1 000,00 in 'n spaarrekening vir 18 maande. Die rente op die rekening is 4,5%. Hoeveel geld sal jy aan die einde van hierdie tydperk hê?

A R1 200,50
B R1 570,50
C R1 067,50
D R1 470,50 (3)

1.1.8 Voedselbronne wat dieetvesel bevat, …

A bevorder die absorpsie van vitamien C.
B verhoog bloedglukosevlakke.
C bevorder die afbreek van koolhidrate.
D verlaag die cholesterolvlakke in die bloed. (1)

1.1.9 Die voedselverwante gesondheidstoestand wat ontstaan as gevolg van die liggaam se onvermoë om glukosevlakke in die bloed te beheer, word … genoem.

A diabetes
B hoë bloeddruk
C anemie
D bulimie (1)

1.1.10 Voorbeelde van voedsel wat voordelig is vir mense wat aan osteoporose ly:

A Stokvis, volroommelk en hawermoutpap
B Geblikte sardiens, afgeroomde melk en joghurt
C Vars vrugte, groente en peulgroente
D Rooivleis, volroommelk en volgrane (2)

1.1.11 Die volgende beroep bied 'n goeie geleentheid om 'n mens se modesin deur middel van kleding uit te druk:

A Laboratoriumassistent
B Tandtegnikus
C Binnenshuise ontwerper
D Motorwerktuigkundige (1)

1.1.12 Die meeste jong volwassenes koop hulle klere tydens hierdie stadium van die modesiklus:

A Groei
B Bekendstelling
C Afname
D Hoogtepunt (1)

1.1.13 Om die korrekte kleredragvoorskrifte in die werksomgewing te volg, sal ... bevorder.

A seksuele diskriminasie
B sosiale interaksie
C godsdienstige toewyding
D geslagsgelykheid (1)

1.1.14 Hereregte is belasting wat deur die regering gehef word wanneer 'n …

A nuwe eienaar eiendom koop.
B werknemer verplaas word.
C maatskappy meubels na 'n ander maatskappy oordra.
D huurooreenkoms na 'n nuwe huurder oorgedra word. (1)

1.1.15 Deeltitel …

A beteken dat 'n persoon die eiendom besit.
B is 'n koöperatiewe eienaarskap.
C is wanneer 'n groep mense die ontwikkeling besit.
D kom ter sprake wanneer 'n groep huise een erf deel. (1)

1.1.16 Verbandbetalings bestaan NIE uit … NIE.

A administrasiekoste en rente op die lening
B kapitaalbetalings en rente op die lening
C deposito's op die huis en rente aan die bank
D kapitaalbetalings en versekeringskoste (2)

1.1.17 Wanneer 'n kontrak vir die bouer opgestel word, moet jy DRIE van die volgende insluit:

1. Besonderhede van die huisplan
2. Bouspesifikasies
3. Oordragkoste
4. Datum van voltooiing
5. Kwalifikasies vir die huislening

A 3, 4 en 5
B 1, 2 en 4
C 1, 3 en 5
D 2, 3 en 4 (3)

1.1.18 Die totale bedrag wat vir materiaal, arbeid en oorhoofse koste betaal word, verteenwoordig die ... van die items wat geproduseer word.

A produksiekoste
B netto prys
C eenheidsprys
D ontwikkelingskoste (1)

1.1.19 ... om die hoeveelheid huishoudelike afval te verminder.

A Gebruik polistireenhouers
B Koop hersikleerde/herwinde papierhanddoeke
C Gebruik materiaalvadoeke of -servette
D Koop voedselporsies wat individueel toegedraai is (1)

1.1.20 Identifiseer die produk wat NIE herwin kan word NIE:

A Supermarkdrasakke
B Groen glasbottels
C Aluminium-koeldrankblikkies
D Litiumbatterye (1)

1.1.21 Die … effek ontstaan wanneer nywerheidsgasse van die son se energie vasvang en die aardoppervlak en atmosfeer se temperatuur laat styg.

A termiese
B kweekhuis-
C son-
D globale (1)

1.2 Identifiseer DRIE metodes wat bulimielyers gebruik om van voedsel in die liggaam ontslae te raak. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die vraagnommer (1.2) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Drink baie water
B Drink purgeermiddels
C Verhoogde vet-inname
D Doen strawwe oefening
E Weier om te eet
F Vomering wat self aangebring word
G Verhoogde proteïen-inname (3)

1.3 Identifiseer uit die lys hieronder VIER riglyne om vetsug te beheer. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die vraagnommer (1.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Volg 'n baie hoëkilojoule-dieet
B Beperk alkohol-inname
C Peusel aan vars vrugte en groente
D Sluit ekstra vesel in
E Volg 'n dieet wat ryk is aan versadigde vetsure
F Eet genoeg proteïenvoedsel
G Eet meer souterige voedsel
H Beperk vrugte- en groente-inname (4)

1.4 Kies die modeterm uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – G) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord gemaak is.

| KOLOM A (BESKRYWINGS) | | KOLOM B (MODETERME) | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | 'n Nuwe kledingstyl wat deur 'n paar mode-leiers gedra word | A | ontwerp |
| 1.4.2 | Die buitelyne van 'n kledingstuk | B | hoogmode |
| 1.4.3 | Individuele verskille in 'n styl | C | silhoeët |
| 1.4.4 | 'n Styl wat gewild bly en vir 'n lang tydperk gedra word | D | modeneiging |
| 1.4.5 | Aanvaarde styl wat deur baie mense tydens 'n sekere tydperk gedra word | E | mode |
| | | F | klassieke styl |
| | | G | modegier |

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik hoe die logo's hieronder verbruikers kan beïnvloed wanneer hulle voedselprodukte koop.

2.1.1 (3)

2.1.2 (3)

2.2 Stel VIER maniere voor waarop 'n persoon se daaglikse sout-inname verlaag kan word. (4)

2.3 Stel voor en motiveer VIER voedselkeuses vir 'n persoon wat aan MIV/Vigs ly en diarree en sere in die mond het. (8)

2.4 Bestudeer die voorgestelde dieetplan hieronder vir 'n persoon wat met anemie gediagnoseer is.

| **DIEETPLAN A** |
|---|
| **ONTBYT**<br><br>**Tuisgemaakte kraakgraankos**<br>1 eetl. hawermout met 2 eetl. semelvlokkies<br>2 gekapte, gedroogde appelkose<br>1 eetl. rosyne<br>1 eetl. sonneblomsaad<br>Afgeroomde melk<br><br>**MIDDAGETE**<br><br>**Mozzarella-en-tamatieslaai**<br>1 klein avokado<br>50 g laevet-mozzarellakaas<br>2 tamaties, gesny en op 'n bord met vars basiliekruid gerangskik<br>Swartpeper en balsamiese asyn<br>1 kiwivrug<br><br>**AANDETE**<br><br>1 klein aartappel in die skil<br>1 klein blikkie ingelegde boontjies<br>Slaai met vetvrye slaaisous<br>Vit. C-gefortifiseerde swartbessiesap |

2.4.1 Beskryf die gesondheidstoestand *anemie*. (3)

2.4.2 Verduidelik waarom jong, vroulike volwassenes meer tot anemie geneig is. (4)

2.4.3 Dui aan en motiveer watter voedsel voordelig is vir die beheer van anemie. (5)

2.5 Voorspel hoe die voorkoms van hartsiektes die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 40**


## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Noem en beskryf die VYF stadiums van die modesiklus. (5 x 2) (10)

3.2 Noem DRIE tegnologiese faktore wat modeverandering beïnvloed. (3)


3.3 Bestudeer die uitrusting hieronder wat Thabo werk toe dra. Hy werk vir 'n korporatiewe maatskappy.




3.3.1 Thabo gaan 'n informele sokkerfunksie na werk bywoon. Wat moet hy aan die uitrusting verander sodat dit by die geleentheid sal pas? (3)

3.3.2 Hoe sal handelsnaam-etikette Thabo se keuse van klere beïnvloed? (4)

3.4 Die damesuitrusting hieronder is 'n kombinasie van 'n rooi, geblomde syserp, 'n swart driekwartjas wat oor 'n swart poliëster-/katoenromp gedra word en 'n armband. Bespreek die veelsydigheid van hierdie uitrusting vir die werksomgewing.



(6)

3.5 Noem DRIE riglyne wat 'n ontwerper in gedagte moet hou wanneer hy/sy klere ontwerp wat fisies gestremde jong volwassenes in die werksomgewing sal dra. (6)

3.6 Gianni Versace se opinie oor modekeuses is: 'Jy besluit wat jy is en wat jy wil weergee deur die wyse waarop jy aantrek en hoe jy leef.'

[Met vriendelike vergunning van Edgars se *Special Collector's Edition*]

Bespreek Gianni se opinie wat betref die keuse van klere vir die werksomgewing. (4 x 2) (8)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

4.1 Noem VIER verantwoordelikhede wat munisipale dienste teenoor huiseienaars het. (4)

4.2 Noem en bespreek die betrokkenheid van enige DRIE rolspelers in die proses om vir 'n verbandlening aansoek te doen. (3 x 2) (6)

4.3 Wie teken die aanbod om te koop? (2)

4.4 Beantwoord die volgende vrae.

4.4.1 Verduidelik waarom inflasie 'n probleem skep vir verbruikers. (2)

4.4.2 Gee TWEE redes waarom huiseienaars 'n beter kans het om hulself teen inflasie te beskerm, as wat mense het wat behuising huur. (2 x 2) (4)

4.5 Noem energiebesparende faktore wat verbruikers moet oorweeg wanneer hulle die volgende huishoudelike toerusting koop:

4.5.1 Wasmasjiene (4)

4.5.2 Yskaste (4)

4.5.3 Tuimeldroërs (4)

4.6 Stel VYF huishoudelike praktyke voor om koolstofvrylatings te verminder en 'n gesonde omgewing te handhaaf. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL, KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT

### VRAAG 5

5.1 Hoe sal jy verseker dat die verpakking van jou produk maksimum trefkrag het om verkope te bevorder? (8)

Beantwoord ÓF VRAAG 5.2 ÓF VRAAG 5.3.

5.2 VOEDSELPRODUKSIE

5.2.1 Bespreek die belangrikheid van geskikte pakplek tydens die produksie en bemarking van voedselprodukte. (4)

5.2.2 Stel VIER maniere voor om vermorsing van bederfbare voedselitems by die verkoopspunt te vermy. (4)

**OF**

5.3 KLEDING-/SAGTE MEUBLEMENTPRODUKSIE

5.3.1 Bespreek die belangrikheid van geskikte pakplek vir kleding- of sagtemeublement-produkte tydens en na produksie. (4)

5.3.2 Stel VIER maniere voor om vermorsing tydens die produksie van mode-items te voorkom. (4)

5.4 Wat behoort jy in gedagte te hou wanneer jy 'n advertensie beplan om 'n produk te bemark? (5)

5.5 Bespreek die behoorlike hantering en beheer van voorraad in 'n klein onderneming. (5)

5.6 Verduidelik hoe die maak van 'n voorbeeld of prototipe 'n uitstekende bemarkingsinstrument vir 'n besigheid kan wees. (2)

5.7 Bespreek hoe elk van die volgende die volhoubare winsgewendheid van 'n onderneming kan beïnvloed:

5.7.1 Marknavorsing (8)

5.7.2 Finansiële lewensvatbaarheidstudie (4)

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD: AFDELING A**

**SENTRUMNOMMER:**

**EKSAMENNOMMER:**

**40**

**VRAAG 1.1**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.2 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.3 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.4 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.5 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.6 | A | B | C | D | (2) |
| 1.1.7 | A | B | C | D | (3) |
| 1.1.8 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.9 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.10 | A | B | C | D | (2) |
| 1.1.11 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.12 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.13 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.14 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.15 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.16 | A | B | C | D | (2) |
| 1.1.17 | A | B | C | D | (3) |
| 1.1.18 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.19 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.20 | A | B | C | D | (1) |
| 1.1.21 | A | B | C | D | (1) |
| | | | | | **28** |

**VRAAG 1.2**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | **(3)** |

**VRAAG 1.3**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | H | **(4)** |

**VRAAG 1.4**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | A | B | C | D | E | F | G | (1) |
| 1.4.2 | A | B | C | D | E | F | G | (1) |
| 1.4.3 | A | B | C | D | E | F | G | (1) |
| 1.4.4 | A | B | C | D | E | F | G | (1) |
| 1.4.5 | A | B | C | D | E | F | G | (1) |
| | | | | | | | | **(5)** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou